

Ons pad van transformasie

Transformasie is nou verweef met kwessies van kultuur, gemeenskaplike welstand en 'n sorgsaamheidsetiek, sowel as uitnemendheid in alle fasette.

Hierdie siening van transformasie erken dat kwantitatiewe prestasieaanwysers wat slegs op demografiese verteenwoordiging fokus nie voldoende rekening hou met die fundamentele skuif wat nodig is om die NWU as 'n unitêre instansie van hoogstaande akademiese uitnemendheid met 'n verbintenis tot maatskaplike geregtigheid te vestig nie.

Ons het tien belangrike transformasie-pilare geïdentifiseer, wat van kritieke belang is vir die suksesvolle verwesenliking van ons doelwitte. Dit is Diversiteit, Toegang, Belyning, Herstel, Gelykheid, Hulpbrontoewysing, Groter Eenheid, Studente-ervaring, Sukses en Kwaliteit.

Hierdie pilare vind uitdrukking in ons Jaarlikse Prestasieplan (JPP) en in die individuele bedryfsplanne van fakulteite en departemente.

Die reis met Covid-19

Die Covid-19-pandemie het die maatskaplike ongelykhede in ons studentegemeenskap blootgelê, veral met betrekking tot studente se toegang tot tegnologie en die vaardighede wat nodig is om dit te gebruik. Dit het ons genoop om nuwe weë te **verken**, ons visie **uit te brei** en te **ontwikkel** om transformasie met nóg meer entoesiasme te omhels. Daarna, en in ooreenstemming met ons transformasiedoelwitte, het ons ons interne platforms vinnig aangepas vir onderrig, leer en navorsing om studente se toegang tot die aanlyn omgewing te verhoog.

Afgesien van die ontwikkeling van gratis aanlyn platforms vir studente wat toegang daartoe kon verkry, het ons ook voorsiening gemaak vir studente wat nie tegnologiese infrastruktuur by hul woonplekke het nie, deur hardekopie leer- en assesseringsmateriaal aan hulle te verskaf.

Ons het ook data en toestelle verskaf aan studente wat die akademiese program aanlyn en van die huis af kon voltooi. Ons voel dat dit bygedra het tot ons transformasiedoelwitte deur te verseker dat al ons studente die geleentheid gekry het om suksesvol aan die universiteitslewe deel te neem.

Monitering van transformasie

Ons het voortgebou op die werk wat in 2019 gedoen is om 'n transformasie-paneelbord-oorsig te ontwikkel as 'n hulpmiddel vir die monitering en verslagdoening van vordering wat geskik is vir die doel. Hierdie hulpmiddel sluit aspekte in soos kultuur, gelykheid en herstel, navorsing en vakkundigheid, onderrig en leer en gemeenskapsbetrokkenheid.

In 2020 het ons in ooreenstemming met die direktief van die Raad transformasie van die verkrygingsruimte ingesluit as deel van die transformasie-paneelbord-oorsig. Dit het gelei tot die ontwikkeling van 'n voorkeurverkrygingstrategie vir Klein-, Medium- en Mikro-ondernemings. Verslagdoening oor transformasie is nou meer omvattend en koherent, in ooreenstemming met die breër institusionele doelwitte en doelstellings.

Toesighouding oor transformasie

Transformasie is die verantwoordelikheid van elke lid van die NWU-gemeenskap. Daarbenewens speel verskeie Raadstrukture 'n kritieke toesighoudende rol om te verseker dat ons op koers bly met betrekking tot sy transformasieteikens en -doelwitte.

Dit sluit in die Transformasie-oorsigkomitee, die Komitee vir Mense en Kultuur en Indiensnemingsgelykheid en ook die Studentetoetsigkomitee.

Die subkomitees het uiteenlopende verteenwoordiging en sien toe dat die universiteit aan die nasionale transformasiedoelwitte voldoen. Die Institusionele Forum is 'n statutêre komitee wat 'n belangrike adviserende rol vervul oor aangeleenthede met betrekking tot transformasie.

Benewens hierdie bestuurstrukture, word transformasie as 'n primêre doelwit vir personeel en studente ingeskerp, wat spesifiek die belangrikheid van 'n diverse studentepopulasie en studente-leierskapkohort beklemtoon. Dit is inspirerend dat personeel sowel as studente die pad van transformasie aanvaar en na innoverende en praktiese meganismes soek om die sukses daarvan te verseker.

Waardetoevoeging

In die transformasie en posisionering van die NWU as 'n unitêre instansie van hoogstaande akademiese uitnemendheid met 'n verbintenis tot maatskaplike geregtigheid het ons in 2020 verskeie belangrike mylpale bereik, ten spyte van die uitdagings wat deur die Covid-19-pandemie meegebring is.

'n Voorbeeld is die vordering wat gemaak is met die NWU se Kultuurveranderingsprojek. In 'n poging om te midde van die pandemie hoop en optimisme teweeg te bring, het ons die Organisatoriese Burgerskapsgedragprojek (OBGP) by die Kultuurveranderingsprojek gevoeg. Die OBGP is geposisioneer as 'n platform waarvandaan die NWU aangemoedig het, sorgsaamheid getoon het, en werk gemaak het van kwellinge.

Daar is ook opwindende verwikkelings wat betref die standaardisering van bystand en geleenthede wat beskikbaar is vir studente met gestremdhede. Dit sluit in die verbetering van bestaande meganismes deur onder meer die deel van beste praktyke.

In 2020 het ons personeel aan verskeie transformasie-inisiatiewe deelgeneem om te verseker dat die NWU se senior bestuur ingestel is op transformasietendense in die hele hoëronderryssektor.

Dit het ingesluit die Universiteit Suid-Afrika (USAF) virtuele spitsberaad waar ons uitvoerende direkteur vir studente en toegewese funksie transformasie, dr Sibusiso Chalufu, voorsitter was van 'n sessie oor institusionele kulture.

Strewe na en instaatstelling van gelykheid

By die NWU is transformasie sinoniem met geregtigheid, kultuur, prestasieaanwysers, gemeenskaplike welstand, uitnemendheid en relevansie.

Transformasie gaan ook daarvoor om ingestel te wees op omgewings- en politieke veranderinge, sowel as die behoeftes van die gemeenskappe wat deur ons bedien word.

Die Indiensnemingsgelykheidsplan vir die tydperk 2021-2023 is in September 2020 deur die Raad goedgekeur. Hierdie plan gee uitdrukking aan die Indiensnemingsgelykheidsbeleid, wat verseker dat ons gelyke geleenthede vir almal skep.

Op sy vergadering op 21 November 2019 het die Raad goedgekeur dat die volgende teikens in die nuwe Indiensnemingsgelykheidsplan geïnkorporeer sal word ten einde die pas van transformasie te versnel:

- Aanstelling van swart werknemers: 70%
- Aanstelling van mense met gestremdhede: 2%

Die teikens is geïnkorporeer in ons Jaarlikse Prestasieplanne (JPP) en afgewentel na die individuele prestasieooreenkomste.

Alle individuele prestasieooreenkomste vir lynbestuurder is herontwerp om die mensebestuur-sleutelprestasie-area vir die bestuur van indiensnemingsgelykheid en diversiteit te inkorporeer.

Akademie transformasie

Die Covid-19-pandemie het 'n ongekende transformasie in die denke van akademici en ondersteuningspersoneel meegebring met betrekking tot onderrig, leer, assessering en studente-ondersteuning. In ooreenstemming met die tema van hierdie geïntegreerde verslag – **verken, brei uit en ontwikkel** – probeer ons om oplossings te vind vir nuwe uitdagings.

Soos reeds genoem, is ons oorwegend kontak aanbod binne enkele weke omskep in 'n vloeibare en gefokusde aanlyn aanbod, waarvan die sukses duidelik gesien kan word in ons deurvloeiisfers vir 2020.

Ons het ook getrou gebly aan die gees van die NWU se Taalbeleid en, sover moontlik, gegewe die ontwrigting van die pandemie, bly werk aan die implementering van fakulteitstaalplanne. Ons het veral voortgegaan met die ontwikkeling van kortkursusse wat as meertalige aanbiedings aangebied kan word, en ons het taalverwerwingskortkursusse aangebied.

Ons het ook 'n opwindende aanlyn geslags- en taalbewustheidsweek aangebied van 28 September tot 2 Oktober 2020 en gaan voort met ons pogings om ons kurrikulums te dekoloniseer en te bely.

Die pad vorentoe

Alhoewel ons goeie vordering maak met ons transformasietrajek, is daar nog baie wat gedoen moet word.

Ons glo dat ons hierdie uitdaging die hoof kan bied. Maar ons primêre motivering vir die voortsetting en versnelling van ons pad van transformasie is dat dit die regte ding is om te doen en strook met ons waardes.

Ons bly daartoe verbind om aan te hou bou aan ons unitêre instansie, om 'n institusionele kultuur en 'n unieke NWU-manier tot stand te bring wat ons strategie ondersteun en spreek van omgee, gelykheid en regverdigheid teenoor almal. Daarom sal transformasie hoog op ons agenda bly.



PROF DAN KGWADI
VISEKANSELIER



DR BISMARK TYOBKA
VOORSITTER VAN DIE RAAD



VERKLARING OOR TRANSFORMASIE

"Die NWU glo dat waardetoevoegende transformasie diep ingebed moet wees in al ons aktiwiteite, van die transformasie van die kurrikulum af tot by die transformasie van die institusionele kultuur. Daar word van alle lede verwag om die universiteit se transformasiedoelwitte te bevorder en

om voorstanders van transformasie-inisiatiewe te wees. Ons is verbind tot betekenisvolle veranderinge wat 'n positiewe impak op ons personeel en studente se lewens sal hê."

Goedkeuring vir die verklaring van die NWU-Raad is op 17 Junie 2021 verkry.

